

29 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19

Fokusvers: 1 Petrus 4:13

Lyding ter wille van Jesus laat ons met blydschap na sy wederkoms uitsien

Miskien gaan dit vandag met jou gebeur, of dalk het dit vandag met jou gebeur. Sekerlik het jy al iets daarvan in jou lewe beleef. Iemand spot jou, terg jou, gee jou 'n affak juis omdat jy vir die waarheid uitkom, omdat jy doen wat reg is volgens die Woord van die Here. Jy kry teenstand wanneer jy vir gehoorsaamheid aan die Here opstaan.

Die gelowiges aan wie Petrus geskryf het, het ook baie swaar gekry omdat hulle in die geloof in Jesus Christus volhard het. Hulle is gespot, vervolgd en benadeel vanweë hulle geloof. In ons teksvers word hulle, en so ook elkeen van ons wat ter wille van Jesus swaarkry, bemoedig.

Ons moet egter op 'n nuwe manier daarna kyk wanneer ons benadeel word omdat ons glo. Ons moet die blye besef kry wanneer dit gebeur – nou stap ek op Jesus se voetspore. Nou het ek gemeenskap aan sy lyde, al is dit nie naastenby op dieselfde vlak as wat Hy verduur het toe Hy vir ons sondes gely en gesterf het nie. Nou gebeur met my wat Hy self in Johannes 15:19 gesê het – “Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.”

Daarom kan ons nou al bly wees wanneer ons swaarkry en gespot word omdat ons aan die Here getrou is. En vanuit daardie vreugde kan ons met sekerheid vorentoe kyk na die allergrootste vreugde wat gaan aanbreek wanneer Hy in heerlijkheid weer op die wolke uit die hemel verskyn. Dan wag 'n ewige en volmaakte vreugde sonder enige swaarkry of spot vir al sy volgelinge in sy heerlike teenwoordigheid.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3

Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)